

4 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-31

Fokusgedeelte: Genesis 15:9 en 18; Hebreërs 10:29

Die bloedverbond (2)

Die skrywer van die Hebreërbrief hanteer 'n dreigende verbondsafval, maar dan 'n Nuwe-Testamentiese verbondsafval. Die Hebreërskrywer het te kampe met mense wat vanuit die Jode tot Christus gekom het, maar juis as gevolg daarvan dubbele vervolging beleef. Hierdie Joodse Christene is geteister vanuit heidense owerheidskringe omdat die keiser nie van die Christene gehou het nie. Die Christene het bely dat Jesus hulle Koning is, terwyl die keiser homself as god verklaar het en hy van al sy onderdane aanbidding vereis het. Maar die Joodse Christene is ook deur hulle huisgenote vervolgd omdat hulle Christus as die Seun van God bely het.

Die vervolging wat hulle beleef het, het egter daartoe gelei dat hulle dit oorweeg het om weer na hulle ou Joodse godsdiens terug te keer. Dit is dan dat die Hebreërbrieffskrywer waarsku, as julle terugkeer na die Joodse godsdiens, dan keer julle terug na Moses, en na Josua en Aäron (Heb 10:3-7), maar dan verlaat julle die Seun van God, Hy wat die ewebeeld van die wese van God is (Heb 1:3). En die gevolg daarvan as jy Jesus verlaat, is dat jy die Seun van God verag, dat jy die bloed van die verbond vertrap, dat jy die Gees van genade beledig en so in die hande van die lewende God val (Heb 10:29-31).

Wanneer Jesus aan die kruis aan stukke gemaak word (vgl. die vorige dag se dagstukkie), dan vloei die bloed van die verbond en is Jesus besig om in ons plek die verbondseis van 'n getroue lewe in die verbond met God na te kom. Maar wanneer Jesus willens en wetens verwerp word as die Seun van God en die Verlosser, dan is daar geen offer meer oor wat ons met God kan versoen nie. Ons het hier te doen met die laster teen die Heilige Gees, daarom praat Hebreërs 10:29 van die Gees van genade wat beledig word. Wanneer die Heilige Gees jou oortuig dat Jesus die eis van die verbond in jou plek nakom en jy verwerp dié kennis, dan beledig jy die Heilige Gees.

Die bekommernis oor die dalende lidmaattalle in die GKSA kom hier in die oog, en die taak en roeping van verbondsouers om hulle doopbelofte na te kom, neem in intensiteit toe. Ons moet ons kinders leer dat afval van Jesus laster teen die Heilige Gees is en tot God se verbondswraak lei.

Sing: Skrifberyming 8-1:1 en 2

Ds JL Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)